Het God ?n ?siel? of nie?

Ek kry vandag 'n navraag of God 'n "siel" het of nie. In Levitikus 26:11 staan daar in die OAV: "En Ek sal my tabernakel onder julle oprig, en my siel sal van julle geen afsku hê nie."[1 (vgl. ook Ps. 11:5, Matt 12:18). Het God dus 'n "siel" soos ons (en die diere) of nie?
Dit is nie so ?n eenvoudige vraag om te beantwoord nie, want die woord ?siel? in Hebreeus kan op ten minste tien verskillende maniere verstaan en vertaal word. Die Hebreeuse woord ??????? (n?p??) ? wat baie keer met ?siel? vertaal word ? kan semanties in ?n hele tien betekenisvelde gebruik word! Hier is ?n seleksie van tien van dié betekenisse:

Keel - Jes. 5:14;
Nek - Ps. 105:18;
Asem - Job 41:13 (dít wat ons en diere lewende wesens maak);
Lewende wese - Gen. 1:20 (diere); Gen. 2:7 (mens);
Man, mens, persoon, mense - Lev. 24:17; Eseg. 27:13; Num. 31:19; Gen. 36:6;
Persoonlikheid, individualiteit - Gen. 27:4 (myself); Ps. 124:7; 1 Sam. 18:3; Num. 30:14; Eks. 12:16; Lev. 7:27 ens.
Lewe (van 'n persoon) - Gen. 9:5;
Siel as die plek van gevoel en sensasie - Spr. 23:2; 28:25; Ps. 35:25;
Lyk (?n dooie liggaam) - Lev. 19:28; Num. 6:6;
Parfuum-bottel ? Jes. 3:20.[2

"Siel" is dus net een van die betekenisse waarvoor die woord n?p?? gebruik word. Waar die woord vir die Here gebruik word, is dit daarom gewoonlik in die betekenis van sy persoon ? "Ek" ? soos in betekenis 6 of 7 hierbo. As 'n mens die woord n?p?? in die betekenis van "siel" vir God sou verstaan, soos in betekenis 8 hierbo, dan dui dit God in sy emosionele gedaante aan.

Maar dit kan maklik verkeerd verstaan word, vandaar dat vertalings eerder "Ek" of "myself" gebruik wanneer van die n?p?? van God gepraat word.

God het dus nie 'n siel soos ons (of die diere) nie, maar kan tog antropomorfies**[3** beskryf word as 'n Persoon, Iemand wat gevoelens het en uitlewe.

[1 Terloops: lees Joh. 1:14 in dié lig en dit gee jou 'n nog groter waardering vir wat Jesus onder ons kom doen het: "Hy het kom 'Tabernakel' onder ons" soos dit in die Grieks lui!

[2 Vgl. Holladay, W.L. & Köhler, L., 2000. A concise Hebrew and Aramaic lexicon of the Old Testament, pp.242?243.

[3 Menslike eienskappe wat aan God toegeskryf word.